## Bouwe van der Eems

**From:** Bouwe van der Eems <bouwe.vandereems@gmail.com>
**Sent:** 07 Februarie 2012 05:25 PM
**To:** 'kommunikasie@kaapkerk.co.za'
**Subject:** Biddag vir Opvoeding en Onderwys

Geagte dr. du Toit


In die Amptelike Nuusbrief Wes-en-Suid-Kaap word vermeld dat Sondag 12 Februarie geoormerk is as sinodale Biddag vir Opvoeding en Onderwys. Gemeentes word daarin ernstig aangemoedig om tyd te maak vir voorbidding vir ons onderwys-leiers, beheerliggame, skoolhoofde, onderwysers en leerders.

Die Vereniging vir Tuisonderwys is dankbaar dat die NG Kerk hierdie inisiatief neem oor so 'n belangrike saak, maar is ongelukkig teleurgesteld dat ouers wat tuisonderwys gee uitgesluit word van die groepe mense waarvoor voorbidding gedoen word. Tuisonderwys is waarskynlik die vorm van onderwys wat die vinnigste groei in Suid-Afrika, ook onder lidmate van die NG Kerk. Die huidige voorsitter van die Western Cape Home Educators is bv. 'n lidmaat van die NG Kerk.

Ouers wat tuisonderwys gee neem 'n groot verantwoordelikheid op hulleself en maak groot opofferinge hiervoor, en het voorbidding net so hard nodig as onderwys-leiers, beheerliggame ens.

Die Vereniging vir Tuisonderwys sal dit daarom hoog op prys stel indien die gemeentes in die NG Kerk ook opgeroep word om voorbidding te doen vir ouers wat tuisonderwys gee, en hierdeur ook daardie ouers te ondersteun in die groot verantwoordelikheid wat hulle op hul geneem het.

Vriendelike groete




**Bouwe van der Eems**
Voorsitter – Vereniging vir Tuisonderwys

Sel : *082 907 9696*
Faks : *086 657 7216*
Epos : bouwe@tuisskolers.org
Web : www.tuisskolers.org